# PRAAT JY UNIVERSITEIT?



## TAALSENTRUM-KITSGIDS VIR VOORGRAADSE STUDENTE

**AKADEMIESE TAAL IS NIEMAND SE MOEDERTAAL NIE**

## ONS KAN JOU HELP MET...

### LEESWERK

Leer op 'n strategieser en meer bedrewe manier lees. Ons Leeslab bied **werksessies**, **konsultasies** en 'n aanlyn **leesbegripsoplossing** om jou leesvermoë te optimeer.

Marisca Coetzee | Lees meer

### SKRYFWERK

Bespreek jou eie skryfwerk aanlyn of van aangesig tot aangesig met 'n opgeleide Skryflab-konsultant. Dis gratis! Maak 'n afspraak vir 'n **skryf-konsultasie** deur die **Skryflab-besprekingstelsel** op jou MySun-portaal.

Anne-Mari Lackay | Lees meer

### TERMINOLOGIE

Probeer die **drietalige terminologieblad** op ons webtuiste vir vakterme in Afrikaans, Engels en Xhosa.

Taalsentrum | Lees meer

### INTYDSE TOLKING

Gebruik **tolking** in jou klas. Die Tolkdiens het 'n ervare span professionele tolke wat toegang sal help verseker tot jou lesinginhoud, soos dit gebeur. In Afrikaans of Engels, of Xhosa of Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SASL) as daar 'n pedagogiese behoefte is.

Juanli Theron | Lees meer

### AKADEMIESE GELETTERDHEDE EN PROFESSIONELE KOMMUNIKASIE

Rus jouself toe om doeltreffend op universiteit en in jou beroep en bedryf te kommunikeer – met ons kredietdraende modules vir **akademiese geletterdhede** wat in die fakulteite aangebied word. Modules fokus op professionele, interkulturele en wetenskaplike kommunikasie.

Faika Haroun | Lees meer

### ENGELS UIT DIE BOONSTE RAKKE

Verbeter jou akademiese Engels met ons **English for Academic Purposes-program** (EAP). Of skryf in vir ons **Intensive English-program** (IEP) om jou lees-, skryf-, praat- en luistervaardighede te ontwikkel.

As jy oorsee wil klas gee, volg ons **TEFL-kursus** (om Engels as vreemde taal te onderrig), of doen 'n voorbereidingskursus vir die **IELTS-eksamen** afgeneem deur die International English Language Testing System vir oorsese studie of werk.

Fatima Halday | Lees meer

### SOSIALE AFRIKAANS EN XHOSA

Leer **Afrikaans** of **Xhosa** en smee só sterker bande met ander. Jy kan sosiale taalvaardighede deur ons **Taalleerhub** aanleer: probeer ons oorlewingsessies of tandemleer met 'n maat.

Helga Sykstus | Stembele Johnson

Ons bied ook semesterkursusse vir internasionale studente aan.

Jeanene Olivier | Lees meer

SU Language Centre
IZiko leeLwimi lase-SU
US Taalsentrum
STELLENBOSCH UNIVERSITY

+27 21 808 2167 | Banghoekweg 44 | Bosmanstraat 7